7 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:11-7:1**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:14

Die sagte juk van God

Wanneer iemand ‘n os en ‘n donkie saam in dieselfde juk inspan, gee dit ‘n gesukkel af. Hulle is nie ewe sterk en ewe vinnig nie en daarom trek hulle nie gelyk nie. Die een neem gewoonlik die ander op sleeptou.

Met hierdie beeld uit die destydse leefwêreld in gedagte, skryf die apostel Paulus in vers 14 dat ons nie saam met ongelowiges in dieselfde juk moet trek nie. Kort voor lank word jy deur die ongelowige op sleeptou geneem. Dit gebeur veral as jy saam met ‘n ongelowige in sy juk gaan trek. Dit is presies waarteen Paulus hier waarsku, want hy skryf eintlik: Moenie in ‘n ander juk gaan trek nie…

Om die juk van ongelowiges op jou te neem, beteken om die strewes en die werkwyses van ongelowiges oor te neem. As jy dieselfde dinge as ongelowige mense nastreef en dit boonop dieselfde manier as hulle doen, loop jy ook op dieselfde uiteinde as hulle af: die ewige verderf. Daarom is jy as kind van die Here nie tuis in die geselskap van ongelowiges nie.

God het ons opsy gesit om by hom tuis te wees. Ons is deel van die huisgesin van die gelowiges wat God as ons Vader het. Ons is sy seuns en dogters (6:18). Waarom sou ons wegloop en ‘n vreemde juk op ons neem? Buitendien is die juk wat ons Vader op ons plaas sag, en sy las lig.

Sing: Psalm 1:1 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)